

18 Junie

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:2-10; 2:13 (1983-vertaling)
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13

Die werkende Woord

“Hoeveel predikers het preke byderhand wat hulle nie sal waag om te preek sonder om eers bykomende lewensassuransie uit te neem nie?” Dit mag ’n oordrewe vraag van ’n hedendaagse Amerikaner hierdie wees ... maar tog! Eggo dit nie tóg iets van die apostel Paulus se, menslik gesproke, “oordrewe” verwagting oor die krag van wáre prediking nie? Hy sê sonder om te skroom: die woord wat hy en ander verkondig het, “werk in julle wat glo”.

Die woord het ’n magtige “energie” wat onstuitbare verandering in mense *be-werk*! Die evangelie is niks anders as “dinamiet” (*dunamis*) van God nie (Rom. 1:16) ... Dis soos ’n vuur, soos ’n hamer wat ’n rots vermorsel (Jer. 23:29)! In Tessalonika het dit, om die waarheid te sê, só geweldig gewerk dat die Jode kon skreeu: die hele wêreld word “in opstand” of “in beroering” gebring (Hand. 17:6)!

Hóé is dit – op die áárde! – tog moontlik dat mensewoorde, selfs ’n apostel s’n, só iets kan bewerkstellig: om mense se harte van binne af om te keer dat hulle hul tot die lewende God bekeer ...? Maar, begryp jy nie? *Dís* nou juis die punt: die mense aan wie Paulus skryf, het dit *juis níé* as mensewoorde aanvaar nie ... “maar, soos *dit wérklik is*, as die woord van God”! In en deur hierdie swak menslike woorde van predikers het hulle die woord van God self ontvang ... want hulle het dit aan *die uitwerking daarvan* herken!

Dit is mos soos ware vernuwing, verandering, lewe vandag nog kom, is dit nie? Wanneer mense soos jy en ek die woord van God ontvang soos dit werklik is! Benader die Bybel “asof lewende stemme uit die hemel daarin klink” (Calvyn).

Sing: Psalm 33:5 (1936)

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)